Kom veilig daar

CARL JACKSON

"ARRIVE ALIVE" is 'n frase wat in Suid-Afrika sonder twyfel in elk van ons 11 amptelike landstale betekenis het. Net só is padveiligheid nie 'n term wat deesdae nét oor skoolvakansies en langnaweke onthou en "bemark" word nie.

Agtergrond is goed, so ek het op **www.arrivealive.co.za** meer gaan lees. 'n Afvaardiging van KwaZulu-Natal is in 1996-'97 deur die nasionale departement van vervoer na Victoria in Australië gestuur om die "wêreld se beste praktyk" in padveiligheid te gaan bestudeer. *Projek Victoria* is hierna in KwaZulu-Natal, as korttermyntoetsprojek, tussen 1996 en 1999 voor die begin van die veldtog Kom veilig daar bekend gestel. Die afname van 31% in padsterftes oor dié tyd was ál oorreding wat ons verkeersbase nodig gehad het.

Die veldtog Kom veilig daar is begin en in die eerste veldtog, van 1 Oktober 1997 tot einde Januarie 1998, wat R53 miljoen gekos en 250 000 werksure ingesluit het, was 'n reuse-sukses.

Sedertdien het die veldtog só deel van die Suid-Afrikaanse padverbruiker se reis geword, dat die honderde verkeersbeamptes, padversperrings, rusplekke, mobiele howe en administrasiekantore tydens vakansies en langnaweke op ons paaie nie meer snaaks is nie. Maar terug na die web . . .

ArriveAlive.co.za is nie die amptelike 'staatsbeheerde' webtuiste nie, hoewel ek kan sien dat dié onafhanklike webtuiste, geskep deur 'n Bloemfonteiner ín Bloemfontein, veel meer doen om padveiligheid op die spits te dryf as wat die amptelike webtuiste doen.

Die skepping van dié webtuiste is deur die wêreldwye poging tot bevordering van padveiligheid geïnspireer. Padveiligheid moet 'n "aktiewe bewustheid" in die gemeenskap wees en wat is beter as die internet om die konsep van veilige padverbruik te bevorder? Die ontwikkelaars van **ArriveAlive.co.za** noem ook dat hulle nie met die webtuiste enige aandag van die veldtog Kom veilig daar wil wegneem nie, of dit as die amptelike webtuiste vir die veldtog wil bemark nie.

Dit is eerder 'n "poging om meer gedetaileerde inligting beskikbaar te stel om sodoende nasionale en internasionale pogings te bevorder om paaie veiliger te maak".

Verskeie kwelpunte kry intensiewe aandag op die webtuiste en meer kan onder kategorie-skakels soos *Drunken Driving, Speeding, Road and Weather Conditions, Hijacking, Pedestrian Safety, In Case of Emergency and Accident,* en *Safe Driving Techniques* gelees word. Elke aspek word in detail behandel en die nuutste verwikkelinge en nuus oor elke onderwerp word duidelik en verstaanbaar weergegee.

Elk van dié bostaande kategorie-skakels is weer onderverdeel om die inligting in meer verstaanbare grepe te verdeel. *Safe Driving Techniques* se onderafdeling sluit onder meer in: *Avoiding Aggressive Driving, Better Road Manners, Driving at Night, - in the Rain,* en *Driving on Gravel.*

Kliek op *Search Engine* en jy kry aktiewe skakels **Aardvark.co.za, Google.com, Ananzi.co.za, Yahoo.com,** en **Altavista.com**. Hier is ongelukkig geen soekmobiel waarmee jy binne **ArriveAlive.co.za** kan rondsnuffel nie.

Die *Public Discussion Forum* is nogal 'n netjiese vorm waarop jy jou naam, besprekingsonderwerp, en mening kan invul, om dit aan die derduisende padverbruikers daarbuite bloot te stel sodat jy kan sien wie jou mening deel en wie nie met jou saamstem nie. As jy oor enige padveiligheid-onderwerp, of oor wetgewing iets te sê het, sê dit hier! Onthou net dat die padverbruikers wat jy wil kontak, ongelukkig ook stryders van die kuberruim moet wees

Dié laaste punt bring my dan aan die einde van mý bespreking rondom **ArriveAlive.co.za**. Ek wonder net hoe groot die onderwerp van padveiligheid werklik vir die 'gewone man op straat' is en hoeveel mense regtig hul tyd op die webtuiste sal deurbring. Ek sê om 'n rede "deurbring" en nie "mors" nie, want 'n besoek aan dié webtuiste is nie 'n mors van tyd nie.

Ek het geweldig baie interessante dinge raakgelees en veral die afdeling oor bestuurstegnieke het my aandag getrek.

Oor die algemeen 'n goeie ondervinding. 'n Lekker webblad om deur te blaai en hoewel sowat 85% van die blaaie teksgerig is, is **ArriveAlive.co.za** uitstekend beplan, verbruikersvriendelik en vertoon dit ongelooflik goed.

Soos ek gesê het, as jy in die onderwerp belangstel sal die webtuiste by jou aanklank vind.

■ Kontak my met vrae en wenke by cjackson@volksblad.com en ek vaar in die volgende KliekNette saam met jou die kuberruim in.

■ Surf wyd!